

Wat bedoel u ...

BEKERING?

Herbert W. Armstrong

Wat bedoel u ... BEKERING?

DEUR HERBERT W. ARMSTRONG

Hierdie boek mag nie verkoop word nie.
Dit is 'n gratis opvoedkundige diens in die
openbare belang en word deur die
Filadelfia Kerk van God.

© 1972, 2012, 2016 Philadelphia Church of God
All Rights Reserved

© 2017 Filadelfia Kerk van God,
Afrikaanse afgeleide vertaling,
Alle Regte Voorbehou

Gedruk in die Verenigde State
1953 Ou Afrikaanse Vertaling word
gebruik (tensy anders vermeld).

HOEVEEL KEER HET U AL GEHOOR HOE NIE-CHRISTENE IEMAND oordeel wat Christus bely, en afkeurend opmerk: “Wel as dit Christenskap is, wil ek niks daarmee uit te waai hê nie!”

Hoeveel oordeel God deur die wyse waarop belydende Christene lewe? Hoeveel neem aan dat iemand ‘n perfekte lewe moet leef, voordat hy ‘n Christen kan word?

Hoeveel sê: “As ek kon ophou rook, sou ek ‘n Christen kon word.”

Hoeveel dink dat ‘n Christen veronderstel is om perfek te wees, en nooit iets verkeerd doen nie? Veronderstel u sien of hoor van ‘n Christen wat iets verkeerd doen. Beteken dit dat hy skynheilig is—dat hy nie werklik ‘n Christen is nie?

Is dit moontlik vir iemand om te sondig terwyl hy ‘n Christen is en steeds ‘n ware, bekeerde Christen te bly?

Die ontstellende waarheid is dat min weet wat presies ‘n Christen is. Min weet hoe iemand bekeer word—of dit nou skielik, alles gelyktydig, of geleidelik is. Is dit ‘n onmiddellike verandering—of is dit ‘n proses? Dit is hoogtyd dat ons verstaan wat ware bekering behels.

Sondig Christene ooit? As een sondig, is hy dan verlore?

Laat ek eerstens vra—en die vraag beantwoord “Wat is ware Christelike bekering? “Wat is ‘n ware Christen in God se oë?” Word een ‘n Christen as hy by ‘n kerk aansluit? Maak dit iemand ‘n Christen as hy sou sê: “Ek aanvaar die Here Jesus Christus as my Verlosser”?

Laat ons die Bybel definisie kry. In Romeine 8:6-9 sal u lees: “Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees,

as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.”

‘n Christen is dan iemand wat die Heilige Gees ontvang het en in wie se verstand die Heilige Gees van God woon. Anders is hy NIE Christus s’n NIE—NIE ‘n Christen NIE.

VALSE BEKERING

Miljoene mag bely dat hulle Christene is, maar tensy God se Heilige Gees, wat uit GENADE as SY GAWE gegee is, op daardie oomblik in hulle woon, is hulle NIE CHRISTENE NIE.

Miljoene mag hul name in Kerk lidmaatskap boeke opgeskryf hê en steeds “NIE AAN HOM BEHOORT NIE”—nie werklik CHRISTENE wees nie! En miljoene is so mislei (Openbaring 12:9).

So VERSTAAN DIT! ‘n Persoon is ‘n Christen—in God se aangesig—SLEGS terwyl God se Heilige Gees in hom woon. Nie voor dit nie! Nie na dit nie!

So ‘n waarlik bekeerde persoon het God se Heilige Gees ontvang en dit woon (huidig) in hom. Maar daar is nog heelwat meer om te verstaan wat werklike bekering behels.

WERKLIKE BEKERING

In ‘n sekere opsig vind werklike bekering op ‘n bepaalde tyd plaas—oombliklik. Maar in ‘n ander opsig is dit ook waar dat bekering geleidelik uitgewerk word—‘n proses van ontwikkeling en groei.

LET noukeurig OP!

WANNEER word iemand werklik ‘n Christen? Dit is wanneer hy God se Heilige Gees ontvang. In Romeine 8:9 lees ons dat tensy ons God se Heilige Gees het, ons nie aan Christus behoort nie—nie Christene is nie.

Daar is ‘n BEPAALDE tyd wanneer God se Helige Gees iemand binnedring. Juis op daardie oomblik wanneer hy die Heilige Gees ontvang, is hy, in hierdie eerste opsig, bekeer. Ja, eensklaps! As hy Christus se Gees het, is hy CHRISTUS S’N— is hy ‘n Christen! Die ware Lewe van God het hom (bevrug) binnegedring. Hy is as ‘n kind van God verwek.

Maar beteken dit dat sy redding volkome is? Is hy nou ten volle en uiteindelik “gered”? Is dit al wat dit behels? Is hy nou,

skielik, volmaak? Is dit nou onmoontlik vir hom om VERKEERD te doen?

Nee! BY VERRE NIE! MAAR HOEKOM? Wat is die antwoord? Waarom is daar so baie wat MISVERSTAAN?

Waarom verstaan bykans NIEMAND die werklike DOEL van die Christen-lewe nie?

DIE DOEL VAN DIE CHRISTEN-LEWE

WAAROM verstaan mense nie die ware Evangelie wat Jesus Christus geleer het nie? Hy het die KONINKRYK VAN GOD geleer. So, het die apostels, insluitende Paulus, ook gedoen. Jesus het meestal in gelykenisse gepraat. Kyk vinnig na een of twee. Let op wat Jesus openbaar het. Neem kennis van die mees inspirerende en ASEMROWENDE potensiaal wat ons s'n is.

Neem die gelykenis van die man van hoë geboorte wat na 'n ver land gereis het, om later weer terug te keer. Dit is in Lukas 19:11-27. Jesus is die Edelman. Hy het na 'n ver land gereis—na die hemel van God se troon, die setel van die regering van die hele heelal. Hy het hierdie gelykenis vertel omdat sy dissipels gedink het dat die Koninkryk van God onmiddellik sou verskyn. Tot dusver het meer as 1900 jare verby gegaan, en die Koninkryk van God het nog nie verskyn nie.

So, in die gelykenis, het Hy tien van sy diensknegte geroep en aan hulle tien ponde gegee—'n pond aan elkeen, in ons Afrikaanse Vertaling is die Engelse geldeenheid pond, gebruik. Dit is simbolies aan een eenheid van GEESTELIKE WAARDE waarmee elkeen begin het. Met ander woorde, verteenwoordigend van die porsie van God se Heilige Gees wat aan elkeen gegee is ten tye van hul aanvanklike bekering.

Maar sy burgers het hom gehaat. Hulle het hom as hul REGEERDER verwerp. Hulle het gesê: "Ons wil nie hê dat hierdie man KONING OOR ONS MOET WEES nie." Die Koninkryk van God is 'n HEERSENDE REGERING. Hulle het daarna, geen bekering—geen "ponde"—ontvang nie. (Hulle sal nog bekering vind, soos baie baie Skrifgedeeltes bevestig).

Nou die rede waarom Hy na die hemel gereis het was "om vir Homself 'n KONINKRYK te ontvang en dan terug te keer." Dit is, Hy sou gaan na die troon van God Almagtig--die Regering van die hele heelal, waar die Vader sit—OM HEERSKAPPY OOR DIE

WÊRELD te ontvang. Die kroning sal in die hemel plaasvind, by die troon van die HEELAL BEWIND. Wanneer Hy terugkeer sal Hy met BAIE KRONE gekroon wees (Openbaring 19:12). Hy kom om ALLE NASIES TE REGEER met almagtige, goddelike KRAG (vers 15).

Terug na Lukas 19. By sy terugkoms, sal sy dienskenge, aan wie Hy die geld gegee het—dit is, die begin eenheid van GOD SE GEES by bekering—geroep word om rekenskap te gee, “sodat Hy kon weet wat elkeen met handel VERDIEN het” terwyl Hy weg was. Dit beteken dat daar van elke Christen verwag word om geestelik te GROEI—in geestelike KENNIS en genade (2 Petrus 3:18). Die Christelike lewe is ‘n lewe van geestelike SKOOLGAAN—van opleiding vir ‘n POSISIE IN GOD SE KONINKRYK, wanneer en nadat ons van sterflik na onsterflik verander sal word—wanneer ons nie meer vlees-en-bloed mense sal wees nie, maar uit GEES sal bestaan, met inherente ewige lewe.

In die gelykenis, het die eerste een kom verslag lewer dat hy sy een pond TIEN KEER vermenigvuldig het. U sien, die ontvangs van God se Heilige Gees is GOD SE GAWE—dit is wat God doen—dit kom deur GENADE, as ‘n gawe. ONS KAN DIT NIE VERDIEN NIE. Maar regdeur die Nuwe Testament word dit duidelik gestel dat ons volgens ONS WERKE BELÓÓN sal word. Nie GERED deur die werke wat ons gedoen het nie. Hierdie man het, deur sy eie inspanning, sy geestelike gawe tien keer vermenigvuldig—sy een pond was nou tien ponde. Hy het ‘n groter BELONING ontvang as die een wat vyf ponde wins gemaak het.

Die edelman (Christus) het vir hom gesê, “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy GESAG hê oor TIEN STEDE.”

Hy het gekwalifiseer om te REGEER. Hy was aan God se gebooue gehoorsaam gewees—God se regering. Ons moet GEREGEER WORD voordat ons kan leer om te REGEER.

Die tweede dienskneg het sy geestelike voorraad goedere vyf keer vermenigvuldig. Hy het gekwalifiseer, in sy lewe, vir die HELFTE soveel as die eerste dienskneg. Hy was die HELFTE van die BELONING gegee.

DIE KONINKRYK VAN GOD

Dus, die gelykenis van die ponde wys dat Christene onder Christus gaan REGEER wanneer die Koninkryk van God opgerig

word. Jesus het oor REGERING—wêreldregering—gepraat. Hierdie gelykenis was gegee om te wys dat die Koninkryk van God nie op daardie tyd sou verskyn nie. Die Koninkryk is nie ‘n eteriese, sentimentele “iets in ons harte” nie. Dit is nie die Kerk nie.

Daniël se profesie wys dat die HEILIGES, onder Christus, die Messias, sal REGEER, wanneer Hy ‘n letterlike WÊRELDREGERING oprig. Kyk na Daniël 2—lees dit deur en let dan vers 44 op. Hierdie Koninkryk sal elke ander vorm van regering in stukke opbreek—alle heerskappy van die mens—en sal vir ewig bestaan. Let op Daniël 7: En in die besonder verse 18 en 22. Dit sal ‘n aardse koninkryk wees—nie in die hemel nie, maar “ONDER die ganse hemel,” vers 27.

Jesus het gesê: “En aan hom wat oorwin en MY WERKE tot die einde toe bewaar, sal Ek MAG oor die nasies gee, en hy sal HULLE REGEER met ‘n ysterstaf (Openbaring 2:26-27).

Hy het gesê, “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het” (Openbaring 3:21). Toe Jesus dit deur Johannes in die 90’s n.C. gesê het, was hy in die hemel saam met sy Vader op die troon van waar die ganse heelal regeer word.

Wanneer Jesus op sy eie troon op hierdie aarde sit, sal dit die troon van Dawid, in Jerusalem, wees. Let op wat van Jesus gesê word: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal KONING WEES oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:32-33).

Hy was nie van plan om die wêreldregering van die Koninkryk van God op daardie tydstip op te rig nie. Die Bybel praat van drie wêrelde—of tydvakke—in tydsorde. Eerste, die wêreld wat toe was, oorstrom met water—voor die vloed; tweede; hierdie teenwoordige bese wêreld; en derde die wêreld wat kom. Tydens die verhoor vir sy lewe voor Pilatus, het Jesus gesê dat Hy gebore was om ‘n koning te wees (Johannes 18:37), maar dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld was nie. Hy sal die WÊRELD VAN MÔRE regeer (vers 36).

Die heiliges (Christene deur die Gees gelei) sal, onder Christus, “OP DIE AARDE” (Openbaring 5:10), “vir ‘n duisend jaar (Openbaring 20:4, 6), regeer.

WAAROM is die hele wêreld met 'n valse evangelie mislei (Openbaring 12:9)? Waarom is hulle mislei om in 'n vals Koninkryk van God te glo? (Vra vir ons gratis boekies *Wat Is Die Ware Evangelie?* en *What do you mean—the Kingdom of God?*).

Kyk na baie van Jesus se gelykenisse. Hulle leer van die Koninkryk van God. Hulle maak dit duidelik dat die Koninkryk van God die WÊRELDREGERING is, wat nou, binnekort deur Jesus Christus—wanneer Hy met ALLE MAG EN HEERLIKHEID kom—opgerig gaan word, om vir ons wêreldvrede, oorvloed, blydskap en vreugde te bring.

Die doel van die Christen-lewe is om toekomstige KONINGS op te lei om met en onder Christus te regeer. Hoe dan, word iemand 'n Christen? Wanneer? EN WAAROM is verlossing 'n PROSES, sowel as 'n aanvanklike fase wanneer hy oombliklik 'n Christen word?

Hier is die EENVOUDIGE WAARHEID wat u moet weet.

WARE BEROU

Ek herhaal: “'n ware Christen ('n waarlik bekeerde persoon) is iemand wat die Heilige Gees ontvang het en in wie se verstand die Heilige Gees woon.”

Hoe ontvang iemand die Gees van God?

Op die dag wat die Kerk van God begin was, het Petrus gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Bekeer van wat? Van sonde. En wat is sonde? “Sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4). Watter wet? Die wet waaraan die vleeslike verstand, vyandig teenoor God, hom nie aan onderwerp nie—die Wet van God (Romeine 8:7). Weereens, ons lees van “die Heilige Gees wat God gegee aan die wat Hom gehoorsaam is” (Handelinge 5:32).

Hier is die twee voorwaardes om die GAWE van God se Heilige Gees te ontvang: Bkering en Geloof. Om gedoop te word, is die uiterlike manifestasie van die innerlike geloof in Christus. Goddelike berou is nie bloot net om jammer te wees vir iets wat u gedoen het nie—of selfs baie sulke sondes. Dit is ware berou vir dit wat u is en was—van u ou gesindheid

en lewe afgesonder van God. Dit is 'n volkome verandering in verstand en hart en lewensrigting. Dit is 'n verandering na 'n nuwe LEWENSWYSE. Dit is die wegdraai van die self-gesentreerde weg van ydelheid, selfsugtigheid, gierigheid; vyandigheid jeens gesag, afguns, jaloesie en onbesorgdheid vir die goed en welsyn van ander, na die God-gesentreerde WEG van gehoorsaamheid, onderdanigheid aan gesag, liefde vir God meer as liefde vir die self en van liefde en besorgdheid vir ander gelykstaande aan selfbesorgdheid.

LIEFDE is die vervulling van God se Wet (Romeine 13:10)—maar God se Wet is 'n geestelike wet (Romeine 7:14) en kan net deur “die liefde van God wat in ons harte uitgestort is, deur die Heilige Gees” vervul word (Romeine 5:5).

Die Heilige Gees sal 'n mens se verstand open om God se bevele oor hoe om te leef, te verstaan, maar dit sal iemand nie dwing om volgens God se weg te leef nie—dit sal iemand nie trek of stoot nie. Elke Christen moet sy eie inisiatief neem, alhoewel God se Gees hom hulp, geloof en krag sal gee. Maar dit is “almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (Romeine 8:14).

WARE CHRISTEN BEKERING

Die bogenoemde twee voorwaardes om 'n Christen te word—BEROU EN GELOOF—moet ons self uitvoer.

Maar hierdie twee maak ons nie Christene nie—bekeer ons nie. Dit is wat GOD doen—gee sy Heilige Gees deur sy genade as sy gratis geskenk—wat ons bekeer.

Ons berou en geloof verdien nie die ontangs van God se Gees nie. God gee ons nie sy Gees omdat ons berou het en glo nie. Hy gee sy Gees omdat Hy dit wil gee. Hy wil hê dat ons sy Gees as sy gawe moet hê voordat ons berou het. Hy vereis bloot berou en geloof as voorwaardes.

Tog kan niemand, uit sy eie sê: “O, nou sien ek—ek moet berou hê”. Goed, ek het nou berou.” Iemand besluit nie terloops, as 'n roetine aangeleentheid, om berou te hê nie. HOEKOM?

Jesus Christus het gesê dat niemand na Hom kan kom as die Gees van die Vader hom nie trek nie (Johannes 6:44, 65). God skenk berou bekering (Romeine 2:4). God roep iemand en

oortuig die verstand en gewete deur sy Gees, deur van buite op die verstand in te werk. Gewoonlik is daar 'n groot worsteling binne aan die gang. Die persoon is geskud om te weet dat hy verkeerd gedoen het—dat hy verkeerd is—hy het gesondig—hy is 'n sondaar! Hy word tot ware INKEER gebring, nie net vir dit wat hy gedoen het nie, maar vir dit wat hy nou sien hy is. Dit is nie maklik nie. Die eie-ek wil nooit sterf nie. Om tot inkeer te kom is om onvoorwaardelik aan God oor te gee—om sy Wet te gehoorsaam!

Tog moet hyself die besluit neem. Indien hy wel berou het, oorgee aan God, en in GELOOF Jesus Christus as sy persoonlike Verlosser aanvaar, dan, met die uitvoering van hierdie TWEE voorwaardes, belof God om binne in hom die GAWE van die Heilige Gees te plaas. Dit is die egte lewe van God—GEESTELIKE lewe. Dit verleen aan hom die ware goddelike natuur.

Wat het dan, op daardie stadium, gebeur?

Hierdie nuwe bekeerling is slegs deur God verwek—nog nie GEBORE nie. Baie wat glo dat hulle by die ontvangs van die Heilige Gees “weergebore” is, dwaal meer in terminologie as in wat gebeur (vir 'n volledige verduideliking, skryf vir ons gratis boekie “Wat Bedoel Jy—Wedergeboorte?”).

Hierdie bekeerling het nie die volle maat van God se Heilige Gees, soos Christus gehad het, ontvang nie; hy is net 'n geestelike baba in Christus. Hy moet nou geestelik GROEI, net soos 'n nuut gegenerende embryo in sy moeder se moederskoot moet groei totdat hy fisies groot genoeg is om as mens GEBORE te word.

Hierdie nuwe bekeerling het nou TOT INKEER GEKOM, in sy gedagtes, uit die diepte van sy hart. HY BEDOEL DIT OOK! In alle opregtheid, in sy verstand en hart, het hy omgedraai om die ander weg te gaan—om 'n ander lewe te lei. Hy is nou 'n CHRISTEN—hy het God se Heilige Gees ontvang. Hy is bekeer, hy is 'n Christen. Hy wil regtig doen wat reg is—om God te gehoorsaam—om volgens GOD SE WEG te leef.

WAT AS 'N CHRISTEN SONDIG?

So 'n Christen bekeerling is dan een wat God se Heilige Gees ontvang het, wat in hom woon, wat hom lei, en hy volg GOD SE LEEFWYSE. 'n Bekeerde Christen het sy vorige gewoonlyke

lewenswyse opgegee—sy selfsugtige weg onbesorg met God. Nou leef hy in die gewone weg van God se WOORD—in die lig van die Woord van God.

Maar veronderstel, soos 'n 8 of 10 maande oue baba wat probeer leer loop, soos hy hierdie NUWE WEG “bewandel”, struikel hy, “slaan neer,” soos dit was, en SONDIG. Is hy dan gevonniss as verlore—nie meer 'n Christen nie?

Ek sal graag wil hê dat u, nou, oplet en VERSTAAN, wat die apostel Johannes geïnspireer was om te skryf, vir ons teregwysing. Dit is in die eerste brief van Johannes:

Met verwysing na Christus, in sy openingsaanhef, as: “Wat van die begin af was... wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus” (1 Johannes 1:1-3).

Die ware Christen is deur Christus met God versoen. En, in besit van God se Gees, geniet hy werklike gemeenskap met die Vader en die Seun, Jesus Christus. En selfs sy gemeenskap met mede-Christene is deur God en Christus. Hy is met hulle verbind, soos verskillende takke aan 'n wingerdstok verbind is en saam verbind deur die wingerdstok. Vergelyk Jesus se analogie in Johannes 15: 1-7. Christene wandel dan in werklikheid saam met Christus—en twee kan nie met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het nie (Amos 3:3).

Gaan nou voort in 1 Johannes: “En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie” (verse 5-6). Dit is, Hy—die lewende Christus—wandel in die lig—asof op 'n skitterende verligte pad. Maar as ons in duisternis wandel, wandel ons op 'n heeltemal verskillende pad, waar dit duister is. Dus wandel ons dan glad nie saam met Hom nie, en as ons sê ons doen, lieg ons.

Maar veronderstel, terwyl ons saam met Hom wandel—in die lig—en een van ons struikel en val. Dit is nie 'n geval waar daar van Hom weggedraai word of die pad waarop Hy wandel, na 'n ander, duistere pad toe nie. As ons sou sê “O, ek is jammer,” sal Hy nie Sy hand vir ons gee en ons ophelp om saam met Hom op die verligte pad voort te gaan nie? Sal Hy

kwaad word en sê, “Klim van My pad af en gaan wandel in ‘n verduisterde pad”?

In nog ander woorde, die ware Christen het van sy vorige lewe van sondige gewoontes, weggedraai—en van sy vorige gesindheid van selfsugtigheid en selfbehepthheid toe hy geen ernstige voorneme gehad het om volgens God se weg te lewe nie. Maar nou het hy van sy vorige leefwyse weggedraai. Sy lewe, in die algemeen, is nou die gebruiklike weg van die Christelike lewe.

Maar hy is nie volmaak die minuut wanneer hy tot inkeer kom en God se Gees ontvang nie. Hy moet geestelik GROEI, in die kennis en genade van Christus, soos Petrus in 2 Petrus 3:18 skryf. Hy is ‘n sleurmens, en alle vorige ou gewoontes verlaat hom nie outomaties sonder enige inspanning van sy kant om dit te oorwin nie. Hy moet leer om sonde te oorwin. Dit is onvermydelik dat hy onkant betrap mag word en ‘n fout begaan. So gaan voort in 1 Johannes 1:

“Maar as ons in die lig wandel”—dit is, selfs al sou ons af en toe struikel, dit is nou slegs die af en toe struikel—nie dat ons ons rug op God se LEEFWYSE draai nie—nie ‘n terugdraai na die gewone en deurlopende weg van sonde nie.

Begin u die verskil te VERSTAAN? Die ware Christen het ten doel om God se LEEFWYSE te volg. Hy wil volgens God se weg leef. Hy probeer om volgens God se weg te leef. En, in die algemeen, is dit nou weklik sy gewone NUWE LEWENSWEG. Die glips af en toe, of sonde, beteken nie dat hy in sy gedagtes en hart God en God se LEEFWYSE verwerp het nie. Gaan voort:

“...soos Hy in die lig is,”—as dit nou ons doel en oogmerk en gewone lewensweg is—“dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons [ons wat nou Christene is] van alle sonde. As ons [Christene] sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie (verse 7-8).

As ons, nou Christene, sê dat ons alreeds volmaak is—dat ons nooit struikel en ‘n fout maak of ‘n sonde begaan nie, mislei ons onself. Ek het ‘n vrou geken wat haarself op die manier mislei het. Sy het aangevoer dat sy bo sonde verhewe was—dat sy nooit gesondig het nie. En alhoewel sy was, wat die meeste mense ‘n goeie vrou sou noem, was sy in werklikheid besig om die grootste sonde van almal te pleeg—geestelike hoogmoed en

ydeldheid! Sy het op haar “sondelose” toestand geroem. Sy het Christelike nederigheid ontbreek.

Maar indien, terwyl saam met God op hierdie verligte pad gewandel word, mens struikel en neerval, skop God hom eenkant toe?

Vers 9: “As ons [ons wie Christene is—dit praat nie van onbekeerdes nie] ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reining.”

Let op die “AS”. “As ons ons sondes bely.” Wanneer ons struikel, moet ons dit erken—ons moet berou daarvoor hê—ons moet vergifnis vra. As ons dit ontken, of iemand anders die skuld daarvoor gee, sal ons nie vergewe word nie. Ons moet dit bely—aan God!

“As ons sê dat ons [as Christene] nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot ‘n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” Die konteks word in hoofstuk twee voortgesit: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie.” Met ander woorde, ons moet nie sondig nie—ons moet daarna strewe om enige sonde te vermy. God laat ons nie toe om te sondig nie. Maar, “... as iemand gesondig het, ons [ons Christene] het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ‘n versoening vir ons sondes [die van ons wat Christene is], en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld” (hoostuk 2:1-3). Maar, natuurlik is Hy die versoening vir die sondes van die onbekeerdes in die wêreld alleenlik wanneer hulle tot ware berou, en geloof in Christus, kom.

WARE BEKERING—‘N PROSES

Omdat menige nie die hele bogenoemde proses reg verstaan nie, word hulle ontmoedig. En sommige hou selfs op om te probeer om ‘n Christen lewe te lei. En hoekom? As gevolg van die valse opvatting dat ‘n Christen een is wat met een slag VOLMAAK word, of dat iemand nie ‘n Christen kan word totdat hy nie alle verkeerde gewoontes verbreek en regverdig geword het nie.

Dit is noodsaaklik om te VERSTAAN hoe ware Christenskap WERKLIK werk!

Die nuut-gegeneerde Christen moet geestelik grootword. Wat sou u dink van 'n menslike baba, wie op een slag 6 voet lank geword het, sonder om groot te word? Die grootword proses verg tyd. Daar is 'n oomblik wanneer 'n persoon die bevrugtende Heilige Gees van God ontvang—wanneer hy die eerste keer 'n Christen word. Maar hy is slegs 'n geestelike baba. Hy moet geestelik grootword.

Die nuut-bekeerde persoon, in sy gedagtes en hart, het opreg 'n algehele OMKEER gemaak! Hy het werklikwaar kontak met GOD verwerf en God se Heilige Gees ontvang. God se eie goddelike NATUUR is nou in hom gegeneer. MAAR DIT IS AL: Dit is bloot gegeneer—nog nie volgroeid nie! Hy is steeds menslik—sterflik—vlees en bloed. Hy bestaan steeds uit materie, nie Gees nie!

Verstaan dit!

Vir bykans 6,000 jaar het die mensdom die WEG gegaan VAN hoogmoed en ydelheid, selfsugtigheid en gierigheid, 'n gebrek aan uitgaande besorgdheid vir ander—die gees van kompetisie, teenstand, twis, inspanning om te verkry, en om die eie-ek te verhef. Mense is vol self-bevrediging, jaloesie, afguns, wrewel teenoor ander, 'n gees van opstand teenoor gesag en vyandigheid teenoor God en die Wet van God.

'n Christen moet hierdie neigings oorwin.

Die Christen moet regverdige KARAKTER ontwikkel om die regte weg te kies en die verkeerde te weerstaan—om die self te dissiplineer in die weg wat hy behoort te gaan, in pleks van die weg van eie-begeerte en ydelheid.

VOLMAAKTE KARAKTER

God se DOEL met die mensdom se skepping—die rede waarom U gebore is—is om Homself te reproduseer. (Skryf vir ons gratis boekie “*Why Were You Born?*”).

God, bo alle dinge, is VOLMAAKTE, REGVERDIGE karakter! God is in staat om regverdige karakter in ons te skep; maar dit moet gedoen word as gevolg van ons onafhanklike vrye keuse. Ons, as individuele, afsonderlike wesens, het ons deel in die proses.

Wat is volmaakte karakter? Dit is die vermoë in 'n afsonderlike wese met vrye morele keuse, om TOT DIE KENNIS te kom van wat reg en wat verkeerd is—die waarheid van

bedrog—en om die regte te KIES, en die WILSKRAG te hê om self-dissipline toe te pas, om die regte DOEN en die verkeerde te weerstaan.

Soos spiere, groei en ontwikkel karakter deur oefening. My naam is Armstrong. Ek veronderstel dat ek my arm ietwat sterker kan maak en die spier kan ontwikkel deur dit voortdurend by die elmboog heen en weer te buig. Maar, as ek trek, of stoot, teen enige swaar gewig of weerstand, sal die spier baie vinniger ontwikkel. Daar is in ons hierdie NATUUR wat 'n swaar trekkrag teen daardie volmaakte, regverdige karakter inspan—om ons iets te gee om te weerstaan VIR DIE UITSLUITLIKE DOEL OM REGVERDIGE KARAKTER TE VERSTERK EN TE ONTWIKKEL!

God se KARAKTER beweeg in die rigting van Sy Wet—die weg van LIEFDE. Dit is 'n uitvloeiende BESORGDHEID teenoor ander. God het daardie karakter! Hy het 'n uitvloeiende besorgdheid vir u en vir my. Hy het sy eie gegeneerde Seun GEGEE om ons met Hom te versoen en die VREUGDE van sy karakter en ewige lewe vir ons moontlik te maak (Johannes 3:16). Hy stort elke goeie en kosbare gawe op ons uit. Hy plaas selfs SY GODDELIKE NATUUR in ons (2 Petrus 1: 4)—wanneer ons berou het en van die VERKEERDE weë van HIERDIE WÊRELD wegdraai, dit begin weerstaan, en NA Hom draai deur geloof in Jesus Christus as persoonlike Verlosser!

God se natuur is die natuur van liefde—van gee, dien, hulp—van uitvloeiende besorgdheid. Dit is ook die natuur van nederigheid.

Nou wanneer een bekeer is—berou het en van die wêreld se vals WEË weggedraai het—op een slag God se Heilige Gees ontvang het—vlug sy menslikheid—sy MENSLIKE natuur, nie. Dit bly ook. Dit het steeds 'n aantrekkingskrag. Ons leef steeds in HIERDIE TEENWOORDIGE BOSE WÊRELD en dit het 'n aantrekkingskrag. God laat Satan toe om steeds in die rondte te wees; en HY span 'n trekkrag in.

So ons het nou DRIE TREKKRAGTE om te WEERSTAAN—om te OORWIN! Ons moet nou hierdie drie oorwin: Satan, hierdie wêreld, en ONSSELF. Ons moet teen hierdie drie stryd voer ten einde REGVERDIGE KARAKTER in ons te versterk en te ontwikkel. God sê duidelik dat dit DIE OORWINNAARS is wat gered sal word—wie saam met Christus sal HEERS! (Openbaring 2:26-27; 3:21; 21:7.)

GOD SE HULP

Geen mens is sterk genoeg om dit OP SY EIE te vermag nie! Hy moet soek, en IN GELOOF, die hulp en krag van GOD, ontvang. Selfs met God se krag sal hy nie sulke kragte maklik of alles gelyktydig oorwin nie. DIT IS NIE MAKLIK NIE! Christus het duidelik gesê dat die weg na uiteindelijke verlossing swaar en moeilik is (Matthéüs 7: 13,14). Dit is 'n voortdurende STRYD—'n worsteling teen self, die wêreld en die duiwel. Die skepping van KARAKTER word deur middel van ONDERVINDING geskep. Dit verg TYD!

Hierdie ontwikkeling is 'n PROSES. Dit is 'n kwessie van GROEI—ONTWIKKELING. Dit vereis, om VOLMAAK te word, volle en regte KENNIS van die egte Woord van God, want Jesus het geleer dat ons volgens ELKE WOORD VAN GOD, moet leef (Matthéüs 4:4; Lukas 4:4).

Die natuurlike en onbekeerde verstand kan nie die Geskrifte van God ten volle en reg VERSTAAN nie. Maar die Heilige Gees open die verstand vir hierdie geestelike begrip. Die aanskaffing van hierdie KENNIS is opsigself 'n prosedure wat TYD vereis. Dit is die daders van hierdie Woord, nie slegs die hoorders nie, wat gered sal word (Romeine 2:13).

Maar kan enige man, alles onmiddellik en tegelyktydig DOEN, wat hy nou oor hierdie nuwe LEEFWYSE leer? Kan enige man, alles op een slag, alle GEWOONTES wat hy nou sien verkeerd is, breek? Nee, hy vind dat hy teen ou gewoontes, moet VEG.

Hy het steeds hierdie TREKKRAG van menslike natuur om te oorwin. Hierdie natuur is 'N WET wat binne in hom werk—voortgebring deur Satan die duiwel—die Owerste van die mag van die lug se uitsending (Efesiërs 2:2). Hierdie hele wêreld is op dieselfde golflengte van die duiwel se gemoed, ingestel (Openbaring 12:9).

Die apostel Paulus noem hierdie trekkrags van menslike natuur die wet van sonde en dood.

Paulus was bekeer. Paulus was 'n ware Christen. Hy het berou gehad, Christus aanvaar, en die Heilige Gees ontvang. Met sy VERSTAND, met sy hele hart, en in ware intense opregtheid, wou hy God se WEG DOEN! Maar het Paulus dit volmaak GEDOEN?

Laat hom vertel. LUISTER!

PAULUS SE ONDERVINDING

“Want ons weet dat die wet geestelik is,” het hy geskryf, “maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek... Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.” Hy praat van menslike natuur in hom. Hy gaan voort: “Want om te wil is by my aanwesig, maar om goed te doen vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek... Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien ‘n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevangene neem onder die wet van sonde wat in my lede is” (Romeine 7: 14-23).

Die wet van sy gemoed is die Wet van God—die Tien Gebooië. Die wet “in sy lede” is menslike natuur. Dan roep Paulus uit. “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? ...” Dan bedank hy vir God—dat GOD DIT SAL DOEN—deur Jesus Christus en die krag van sy HEILIGE GEES. MAAR DIT VERG TYD!

Die waarlik bekeerde Christen sal vind dat hy dikwels struikel en onder versoeking val—net soos ‘n fisiese kind wat leer loop dikwels val. Maar die jaar-oue kind word nie ontmoedig en gee moed op nie. Hy staan op en begin weer loop.

DIE WAARLIK BEKEERDE CHRISTEN IS NOG NIE VOLMAAK NIE!

GOD KYK NA DIE HART—die innerlike BEWEEGREDE—die werklike bedoeling! As hy probeer—as hy opstaan wanneer hy ookal val, en met berou God om vergifnis vra en uitgaan om sy allerbeste te doen OM NIE WEER DAARDIE FOUT TE BEGAAN NIE—en volhard met hernuwe inspanning om te OORWIN, God is ryk in barmhartigheid teenoor daardie man in sy strewe om te oorwin.

Ek dink dit behoort nou duidelik te wees dat ‘n nuut bekeerde Christen nie meteens VOLMAAK is nie. Hy sondig nie—en moet ook nie—opsetlik en moedswillig, in ‘n gees en gesindheid van opstandigheid nie. Dit is waaroor hy berou gehad het! Hy wil volkome bo sonde lewe. Maar om volmaak te lewe sal alle geestelike KENNIS vereis. Hy sal volgens ELKE WOORD van die Bybel moet leef. Die Heilige Gees dra geestelike insig oor sodat hy die Bybel kan VERSTAAN. En om die hele Bybel te verstaan NEEM TYD. Ons moet GROEI in die KENNIS HOE om volmaak sonder sonde te leef.

'n Christen kan, weens mag van die gewoonte, of onder swakheid en versoeking, sondig. Maar as hy 'n Christen is, het hy onmiddellik berou en met hierdie berou reinig die offer van Christus hom van sy sonde (1 Johannes 1: 7-9).

Bekeerde mense is dikwels onder meer versoeking as voor hul bekering. Hulle STREEF teen sonde, STREEF om te oorwin. Maar hulle is nog nie volmaak nie. Somstyd word hulle onkant betrap. Hulle mag werklikwaar sondig. Dan SKRIK hulle WAKKER, en besef wat hulle gedoen het. Hulle het BEROU. Hulle is vol van gewetenswroeging—werklik jammer—het 'n afkeer in hulself. Hulle gaan na GOD en ROEP OM HULP—vir meer mag en krag van God om te OORWIN (Hebreërs 4:16).

Dit is die WEG van die Christen!

Dit is die weg van voortdurende STRYD—'n wedywing teen SONDE—die soeke na God in opregte gebed vir hulp en geestelike KRAG om te oorwin. En as hulle ywerig is, WEN hulle voortdurend VELD. Hulle GROEI voortdurend in God se KENNIS, vanuit die BYBEL. Hulle roei voortdurend verkeerde gewoontes uit, dryf hulself na REGTE gewoontes. Hulle groei voortdurend nader aan GOD deur Bybelstudie en gebed. Hulle groei voortdurend in KARAKTER, na volmaaktheid, selfs al is hulle nog nie volmaak nie.

WAT AS EEN STERF?

Maar, mag iemand vra, wat as iemand se lewe kort geknip word en hy sterf voordat hy hierdie volmaaktheid bereik het? Is hy gered of verlore? Die antwoord is dat ons nooit volkome volmaaktheid in hierdie lewe sal verkry nie.

Ek het vroeër gesê dat 'n persoon wat bekeer word die Heilige Gees op 'n bepaalde tyd ontvang—alles op een slag! Nie die volle maat wat Christus gehad het nie, hy is nie meteens geestelik volgroeid nie—slegs 'n geestelike baba in Christus. Tog is hy dan in veranderde, bekeerde persoon—verander in verstand, gesindheid, in die rigting waarin hy homself gerig het om te beweeg. Selfs al het hy nog nie volmaaktheid bereik nie—selfs al mag hy onder versoeking gestruikel het en 'n geestelike val gehad het—solank as, in sy hart en verstand, hy ernstig daarna streef om in die rigting van GOD SE WEG te beweeg, om te oorwin en geestelik te groei—solank as wat God se Gees in

hom is—solank as wat hy DEUR die Gees van God GELEI word, is hy 'n gegeneerde seun van God.

Indien, op enige plek in hierdie lewensreis, daardie lewe kort genip word, sal so 'n man opgewek word—gered—onsterflik in God se Koninkryk.

NOOIT OORREE OF TOU OPREE NIE

Dit is slegs die een wat TOU OPREE EN OORREE (Hebreeërs 10:38)—wie God, en God se LEWENSWYSE VERWERP EN Christus as Verlosser verwerp—wie, in sy verstand en hart (innerlike BEDOELING), VAN hierdie rigting van GOD SE WEG wegdraai of dit verwaarloos, wie opsetlik en doelbewus in sy gedagtes—of, weens voortdurende verwaarloosing—VAN Christus WEGDRAAI, wie verlore is.

Indien, na bekering, nadat God se Gees ontvang is, en die vreugdes van GOD SE WEG GEPROE is, iemand daardie weg opsetlik verwerp, 'n BESLUIT neem, nie onder spanning van beproewing nie, maar opsetlik en finaal, om NIE God se weg te gaan nie, dan sê God is dit ONMOONTLIK om so iemand tot berou te vernuwe. Hy sal daardie besluit moet BEROU. As hy dit moedswillig gemaak het, nie in 'n tyd van versoeking, maar kalm, opsetlik, moedswillig, dan SAL hy eenvoudig NOOIT daarvoor berou hê nie.

Maar enigiemand wie VREES dat hy die “onvergeeflike sonde” gepleeg het—is dalk bekommerd daarvoor en HOOP dat hy dit nie begaan het nie en steeds God se verlossing wil hê—geen sodanige individu het dit begaan nie—sodanige een MAG hom bekeer en reguit voortgaan na verlossing, INDIEN HY WIL!

(Indien u graag 'n boekie wil hê wat deeglik uitbrei en alles omtrent die “onvergeeflike sonde” verduidelik, skryf vir ons gratis uitgawe oor hierdie onderwerp. Die gedagteryke titel daarvan is “*What Do You Mean—“the Unpardonable Sin”?*” Dit sal die waarheid eenvoudig maak.)

WAT OM TE DOEN?

As u sien dat 'n Christen iets verkeerd doen—MOENIE SIT EN OORDEEL EN VEROORDEEL NIE—dit is God se besigheid om ons te oordeel, nie u s'n nie! Laat ons medelye en barmhartigheid

hê—ons ken nie die innerlike hart van andere nie—net God weet!

En as u, self, gestruikel en neergeval het, MOENIE ONTMOEDIG WEES NIE! Staan op en beur vorentoe!

God kyk na die hart—die gesindheid—die bedoeling.

Solank as iemand, in sy hart, die ware begeerte het om volgens God se WEG saam met Hom te wandel—innig jammer is en berou het wanneer hy af en toe sonde begaan—en daarna soek om sonde te oorwin en om God se weg sy gewone lewensweg te maak, sal hy per geleentheid struikel, maar as hy dit bely en diep berou daaroor het, sal hy vergewe word. Maar as hy ywerig in sy Christelike lewe is, sal sy af en toe struikel minder en minder word—sal hy goeie vordering maak, oorwinnend, geestelik GROEI, ook in regverdige, goddelike karakter.

Wat is u gesindheid? Wanneer u gesondig het, was u nalatig en onverskillig daaroor? U is op gevaarlike grond. Regverdig u dit, voel dat ander verkwalik moet word? Dit sal nooit u sondes regverdig nie. Begeer u steeds, om volgens God se weg te gaan? Dan is dit nie te laat nie. Draai weg van sonde—BELY u sonde—aan God. KOM TOT INKEER! Tel uself op met Christus se helpende hand en gaan voort om te oorwin en geestelik te GROEI.

(En as u iemand is wat nog nooit werklik berou gehad het, gedoop is en God se Heilige Gees ontvang het nie—en dit tog ernstig begeer—mag u moontlik met een van God se ware leraars wil skakel.)

Maar onthou, wanneer u eenmaal weet dat u werklik berou het en vergeef is, moenie die sonde(s) herhaal nie, maar VERGEET dit. Soos die apostel Paulus geskryf het, “Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Filippense 3:13-14).

PERSOONLIKE BERADING

Honderde het aan ons geskryf en gevra of ons verteenwoordigers in hulle omewings het, om persoonlike berading te verskaf—om hul vrae te beantwoord—en hulle in sekere gevalle te doop.

Die antwoord is ja, ons het.

Die *Worldwide Church of God* stuur persoonlike verteenwoordigers (gewyde leraars) na meeste gemeenskappe binne die Verenigde State en die Britse Gemenebes, sowel as menige ander dele van die wêreld. Al hierdie toegewyde manne word sorgvuldig opgelei onder die borgskap van die Ambassador Kollege se Teologiese Afdeling.

Indien uitgenooi, kan hierdie leraars u tuis besoek. En hierdie diens word absoluut gratis aangebied, sonder enige persoonlike verpligting.

Indien u enige vrae het—of persoonlike berading van enige aard benodig—skryf gerus aan ons en versoek 'n private afspraak. Of, indien u vinniger diens verkies, skakel ons by hierdie tolvrye nommer in die *vasteland* van die Verenigde State 800-423-4444 (Lesers in Kalifornië, Nevada, Alaska en Hawai moet 213-577-5225, skakel, *gekollekteerd*).

In elke geval sal ons graag ons manne stuur om u te besoek.

Wêreldwye posadresse word aan die einde van die boekie verskaf.

KONTAK INLIGTING

Om die Filadelfia Kerk van God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 16945, Henley-in-Arden, B95 8BH, United Kingdom

Afrika: Philadelphia Church of God, Postnet Box 219,
Private Bag X10010, Edenvale, 1610, South Africa

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:
Philadelphia Church of God, P.O. Box 293,
Archerfield, QLD 4108, Australia

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillipyne: Philadelphia Church of God, P.O. Box 52143,
Angeles City Post Office, 2009 Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God,
Attn: Spanish Department, P.O. Box 3700,
Edmond, OK 73083, United States

SKAKEL IN BY ONS

Besoek ons webwerf: www.dieBasuin.com

E-mail: briewe@dieBasuin.com

AFRIKAANS—Just what do you mean ... CONVERSION?